| | | |
|---|---|---|
| VAK EN GRAAD | AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL GRAAD 10 | |
| KW 4 | WEEK 1 | |
| ONDERWERP | Hersiening: Spelreëls, spelpatrone en skryftekens, meervoud- en verkleiningsvorme | |
| DOEL VAN DIE LES | • Die doel van hierdie les is om spelpatrone, spelreëls en skryftekens te hersien sodat jy dit in jou skryfwerk korrek kan gebruik en vrae, soos dit in die eksamen gevra word, korrek kan beantwoord.<br>• Jy moet die spelreëls ken en kan toepas, spelpatrone kan raaksien en skryftekens korrek kan gebruik.<br>• Verder moet jy meervoude en verkleinwoorde korrek kan vorm met behulp van spelreëls en skryftekens. | |
| BRONNE | **Papierbronne** | **Digitale bronne** |
| | Doen hersiening deur die afdeling oor die skryftekens en spelreëls / spelpatrone, wat van toepassing is by meervoude en verkleining (sien ook selfstandige naamwoorde) in jou handboek weer te bestudeer. | Klik op die skakels om na video's oor die verskillende afdelings te kyk:<br><br>Skryftekens:<br>https://youtu.be/urNGHsblOHY<br><br>Meervoude:<br>https://youtu.be/AjjTarYmxX8<br>https://youtu.be/yiCWrgwLA8Y<br><br>Verkleinwoorde<br>https://youtu.be/EycW0X_zAb8<br>https://youtu.be/0AoRAh8SOv0 |
| INHOUD (KONSEPTE EN VAARDIGHEDE) | **Konsepte wat jy by skryftekens moet ken**<br>• **Gebruik van die deelteken**<br>'n Deelteken word gebruik om die begin van 'n **nuwe lettergreep aan te dui** wanneer daar 'n verskillende vokale en tweeklanke langs mekaar staan.<br>**Voorbeelde:**<br>– Ann het verskillende **diëte** probeer. (Die deelteken wys dat die "i" en "e" apart gelees / uitgespreek moet word en nie as "ie" – een klank – nie.)<br>– Albei sy **oë** is opgeswel as gevolg van die allergie. (Dis nie 'n "oe" klank nie, maar 'n "o" en "e" apart) | |

- **Gebruik van die kappie**
  'n Kappie dui 'n lang klank in 'n oop lettergreep aan.
  **Voorbeelde:**
  - Wat Peter **sê,** is die waarheid. (Die "**ê**" is 'n lang klank en dit is 'n oop lettergreep, want die lettergreep eindig op 'n vokaal.)
  - Ons sal **môre** gaan. (Die "o" is 'n lang klank en as jy die woord in lettergrepe verdeel, - "mo-re" is die "o" aan die einde van 'n lettergreep, dus 'n oop lettergreep.)

- **Gebruik van die afkappingsteken**
  - 'n Afkappingsteken word gebruik om letters wat weggelaat word, aan te dui.
    **Voorbeeld:**
    **Hy't** vir my vertel wat jy doen. (Hy't = hy **<u>he</u>**t – die onderstreepte klanke word weggelaat.)
  - Word gebruik by die vorming van meervoude en verkleinwoorde wat op 'n "i", "o", "u" en 'n beklemtoonde "a" eindig
    **Voorbeelde:**

| | | |
|---|---|---|
| Israel<u>**i**</u> | **Israeli's** | **Israeli'tjie** |
| Fot<u>**o**</u> | **Foto's** | **Foto'tjie** |
| Balj<u>**u**</u> | **Balju's** | **Balju'tjie** |
| Karb<u>**a**</u> | **Karba's** | **Karba'tjie** ('n karba is 'n groot ronde fles wat van glas of erdewerk gemaak is) |

- **Gebruik van die klemtekens, nl. akuut en gravis**
  Onthou die verskil tussen watter kant toe die strepies van die klemtekens lê as volg:
  **Skryf die woord "ag" en dan sit jy 'n dakkie op. Só**

  **/**
  **Ag**

  Die "a" staan vir "akuut" en die strepie lê in die rigting soos die dakkie gewys.
  Die "g" staan vir "gravis" en die strepie lê soos die dakkie wys.

  'n Skrywer het 'n keuse of 'n woord 'n akuut moet opkry, of nie. As die woord beklemtoon word, kry dit 'n akuut.

  **Voorbeelde:** **Dié** boek is dun.
  **Wát** maak jy nou?
  **Wít** is my gunstelingkleur.
  **Wáár** het jy my skoene weggesteek?

| | |
|---|---|
| | ‘n Woord wat ‘n gravis op het, moet altyd ‘n gravis opkry, want dis deel van die spelling.<br>**Voorbeeld:** Ek gaan **appèl** aanteken teen die uitslag van die wedren.<br><br>• **Gebruik van die koppelteken**<br>– **Voorkom verwarring,** bv. sand-aal<br>– **Vergemaklik lees van lang woorde,** bv. landbou-kollege<br>– **Verbinding met syfers,** bv. gr. 10-klas<br>– **Verbinding met letters,** bv. A-simbool<br>– **Tydstip waar opeenhoping van klinkers is,** bv. drie-uur<br>– **Name waarin rigting voorkom,** bv. Suid-Afrika<br>– **Herhaling,** bv. speel-speel<br>– **Verbindings met "hulle",** bv. ma-hulle<br>– **By samestellings waar 'n opeenhoping van klinkers voorkom,** bv. na-aap<br><br>**Basiese spelreëls by die vorming van meervoude:**<br>• Woord wat ‘n kort klinker het, se klinker word verdubbel Bv. kn**o**p - kno**pp**e<br>• Woord wat ‘n lang klinker het wat deur twee van dieselfde letters gevorm word, se klinker word NIE verdubbel NIE en die een klinker val weg.<br>Bv. kn**oo**p – kn**op**e<br>• Woorde wat op ‘n “i”, “o”, “u” en beklemtoonde “a” eindig, kry ‘n afkappingsteken in die meervoud.<br>**Voorbeelde:**<br>Israel**i** **Israeli’s**<br>Fot**o** **Foto’s**<br>Balj**u** **Balju’s**<br>Karb**a** **Karba’s**<br><br>**Basiese spelreëls by die vorming van verkleinwoorde**<br>• By woorde met meer as een lettergreep wat op "g" eindig, val die “g” weg; word "kie".<br>Voorbeeld: konin**g** - konin**k**ie<br>• Woorde wat uit een lettergreep bestaan en op “g” eindig, kry “etjie” by.<br>Voorbeeld: ring - ring**etjie**<br>• "a" word lang "aa" Voorbeeld: v**a**t – v**aa**tjie<br>• ’n Woord wat op “t” of “d” eindig, kry net “jie**”** by.<br>Voorbeelde: har**t** - har**tjie**, hon**d** - hon**djie** |

| | |
|---|---|
| | • 'n Woord wat op "jie" eindig, kry "tjie" by.<br>Voorbeeld: mand**jie** - **mandjietjie**<br>• 'n Woord wat 'n kort klinker het, se klinker word verdubbel. Voorbeeld: kn**o**p - kno**pp**ie<br>• 'n Woord wat 'n lang klinker het, se klinker word NIE verdubbel NIE. Voorbeeld: kn**oo**p – kno**p**ie<br>• Woorde wat op "m" eindig, kry "pie"<br>Voorbeeld: arm - armpie<br>• Woorde wat op 'n "i", "o", "u" en beklemtoonde "a" eindig, kry 'n afkappingsteken in die verkleiningsvorm.<br>**Voorbeelde:**<br>Israel**<u>i</u>** **Israeli'tjie**<br>Fot**<u>o</u>** **Foto'tjie**<br>Balj**<u>u</u>** **Balju'tjie**<br>Karb**<u>a</u>** **Karba'tjie** |
| AKTIWITEITE / ASSESSERING | **Beantwoord die onderstaande vrae in jou werkboek. Probeer dit eers self beantwoord voordat jy die memorandum raadpleeg.**<br><br>**1. Skryf die onderstreepte woorde oor en voorsien dit van die regte aksenttekens om klem aan te dui:**<br><br>1.1 Ek **<u>weet</u>** nie die antwoord nie!<br>1.2 Jy moet **<u>die</u>** huiswerk doen!<br>1.3 Ek het gesê jy moet die mure **<u>wit</u>** verf.<br>1.4 Hy teken **<u>appel</u>** aan teen sy hofsaak<br>1.5 **<u>Wat</u>** het jy nou aangevang???<br><br>**2. Skryf**<br>**a) die meervoud en**<br>**b) die verkleiningsvorm**<br>**van die onderstreepte woorde neer.**<br><br>2.1 Op die **<u>foto</u>** teen die muur, is ons **<u>oupa.</u>**<br>2.2 Ons neem 'n **<u>video</u>** van die konsert.<br>2.3 Ons kos is in 'n **<u>mandjie</u>** gepak.<br>2.4 'n Ander woord vir televisie is **<u>beeldradio.</u>**<br>2.5 Daar staan 'n **<u>drom</u>** om die vuilgoed in te gooi.<br>2.6 My pa se broer is my **<u>oom</u>**.<br>2.7 Ons stap in die **<u>pad</u>**.<br>2.8 Ek eet 'n **<u>piesang.</u>**<br>2.9 Voor my bed lê'n **<u>mat.</u>**<br>2.10 My **<u>oog</u>** brand. |

| | |
|---|---|
| | **3 Verskaf 'n rede hoekom elk van die volgende woorde met 'n koppelteken geskryf word:**<br>3.1 gesels-gesels<br>3.2 Pa-hulle<br>3.3 Noord-Afrika<br><br>**4.** Skryf die onderstreepte woorde oor en sit die korrekte skryfteken op elke woord.<br>4.1 Ons het die kos **opgeeet**.<br>4.2 Beeste se voerbakke word **troe** genoem.<br>4.3 Ek weet nie baie van **finansiele** sake nie. |
| MEMORANDUM | 1.1 wéét<br>1.2 dié<br>1.3 wít<br>1.4 appèl<br>1.5 wát<br>2.1a) foto's b) foto'tjie<br>2.1a) oupas b) oupatjie<br>2.2a) video's b) video'tjie<br>2.3a) mandjies b) mandjietjie<br>2.4a) beeldradio's b) beeldradio'tjie<br>2.5a) dromme b) drommetjie<br>2.6a) ooms b) omie<br>2.7a) paaie b) paadjie<br>2.8a) piesangs b) piesankie<br>2.9a) matte b) matjie<br>2.10a) oë b) ogie<br><br>3.1 Woorde word herhaal<br>3.2 Verbinding met -"hulle"<br>3.3 Naam wat met rigting verbind word<br><br>4.1 opgeëet (LW: Die deelteken word op die middelste "e" geplaas)<br>4.2 trôe<br>4.3 finansiële |
| WAARDES | Deursettingsvermoë en gereelde werk |